NUWE PREEKREEKS - 8 weke

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

Reeks I : Ons kies…om as geroepe mense in plaas van gedrewe mens in ons gemeente te leef

1 Petrus 2:4-9

Uittreksel uit teks:
4 ***Kom*** na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5Laat julle as lewende stene ***opbou*** tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike ***offers*** te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

Ter inleiding: Petrus skryf hierdie brief vir 'n verstote geloofsgemeenskap wat begin wonder het oor hul plek in die samelewing, en of dit regtig die moeite werd is om uitverkoop te wees aan Christus. En Petrus draai nie doekies om oor die koste van jou keuses nie: Wanneer jy kies vir Jesus, is dit eintlik 'n keuse ***vír*** 'n omstrede Persoon en lewenswyse; om jou te assosieer met Iemand wat deur baie verwerp en misken was. Maar hy kom gee vir hulle nuwe hoop vanuit hul roeping: julle wat dink julle is randfigure is eintlik die sleutelfigure (in hierdie Goddelike komplot) omdat julle verbind is aan dié **Sleutelfiguur** van die wereld.

Wie en wat gaan ek wees as ek groot is?
Dit is en was seker nog altyd een van die groot vrae van die lewe wat ons van kleins af hoor. Meeste van ons wat hier sit is nou ook nie meer kinders nie; ons is nou ‘groot’! So die vraag wat ons in ons saamdra is seker: Wie is ons nou, en hoe goed is ons daarmee? En saam met dit leef ons as Christene vanuit die oortuiging dat ons **geroep** is deur God; dat wie ons is en wat ons doen vir God baie belangrik is.

Wat beteken dit dat ek geroep is?
Dit is nogal belangrik om te onderskei tussen die **twee** boustene van roeping:

1. Primêre roeping(enkelvoud): In die eerste plek word ek nie geroep word om iets vir God te *doen* nie, maar geroep word na *Iemand* wat my ‘n nuwe naam gee: kind van God (v4 "Kom na Hom toe...")
2. Sekondêre roepings(meervoud): dat wat ons doen vir God baie belangrik is (v5 "Laat julle opbou...offers te bring"). Waar ons sy Stem hoor eggo vanaf ons werk, en vriende en nood van die wêreld.

Roeping = wie ek is, wat ek doen, en wat ek het alles vloei vanuit my verhouding met God. Roeping = tuiskoms by God, maar ek bly nie daar nie; ek reageer ook op sy eggo-stem vanuit die gemeenskap.

Frederick Buechner: *"True vocation joins self and service: the place God calls you to is the place where your deep gladness meets the world's deep need".* Roeping begin by ***my***; nie by wat die wereld nodig het nie (wat ALLES is!). Dit begin by die diep vreugde om te weet dat ek geskep is as God se geskenk vir ander.

Parker J. Palmer: *"Vocation is not a goal to be achieved but a gift to be received. Vocation does not come from a voice "out there" calling me to become something I am not. It comes from a voice "in here" calling me to be the person I was born to be, to fulfill the original selfhood given me at birth by God."*

So...wie en wat gaan ek wees as ek groot is? Wel, as God sy sin kry met ons, gebruik die Bybel ‘n baie spesifieke term: **HEILIG**. Heilig? Dit klink nogal vir my onredelik (en onaantreklik!), en dit skiet op die oog af `n groot gat in meeste van ons se ambisies. Maar om heilig te wees is wat dit beteken om groot te word - dit is wat Petrus sê: “Laat julle opbou…tot ‘n heilige priesterdom…”, “Julle is…’n heilige nasie…” Miskien het ons te versigtig geword vir die woord heilig – dalk omdat ons dit assosiëer met iets negatief of iets vêr buite ons bereik.

Heiligheid is nie iets wat ons self kan bewerkstellig nie; dit is iets wat met ons gebeur as ons positief reageer op God se stem (v5"Laat julle opbou as geestelike huis") Maak nie saak hoe oud of jonk ons is nie - of hoe baie ons al bereik het of droom om te bereik nie - ons is nie volledig groot totdat hierdie wonderlike ding nie gebeur het nie. v9 “uit die duisternis word ons geroep na sy Lig” skryf Petrus wat meer geweet het van duisternis as meeste van ons. En wat die Lig se gesig self geken het.

Ons roeping mag wel beteken dat ons 'n bepaalde werksrigting/beroep kies - ons almal ken mense wat uitstekende dokters, prokureurs, tegnikuste en wetenskaplikes geraak het in reaksie op God se eggo-stem die wereld. Maar ons roeping mag nooit gereduseer word tot ons werk nie, tot 'n klomp dinge wat ons doen nie. Ons sal nooit ons roeping vind deur te probeer uitvind of ons beter of slegter is as ander nie. Ons is almal goed genoeg om te doen waarvoor ons geroep is waar ek my talente en menswees inspan om te dien.

"...when I try to know his will, his kindness floods me, his great love overwhelms me, and I hear him whisper, 'Surprise me'.” Mag ons God verras deur hoe ons aktief ons roeping uitleef.

Vrae om oor na te dink in kleingroepe

- Vertel vir mekaar wat jy wou word as kind? Watter rol het dit in jou verstaan van jou roeping gespeel?
- *"...the place God calls you to is the place where your deep gladness meets the world's deep need*" Hoe verstaan jy dit vanuit jou ervaring van jou roeping?
- Lees weer die aanhaling van Parker Palmer. Wat beteken dit vir jou om hierdie woorde te hoor?
- Waar hoor jy op die oomblik God se eggo-stem helder en duidelik? Waarheen stuur God jou?